

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 1 Februarie 1955.

WINDHOEK

Tuesday, 1st February, 1955.

No. 1879.

## INHOUD

Bladsy

## CONTENTS

Page

### PROKLAMASIE—

No. 5. Byeenroeping van die Wetgewende Vergadering. . . 120

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS—

- No. 24. Registrasie Amptenaar, Grootfontein: Aanstelling van. . . 120
- No. 25. Pryse van Suivelprodukte: Fabrieksroom en Kaasmelk. . . 121
- No. 26. Winklere: Munisipale Gebied Otjiwarongo (uitsluitend Naturellelokasie. . . 121
- No. 27. Dorpsbestuur Witvei: Aanstelling van Lid. . . 121
- No. 28. Maksimum Pryse van Gehoortoestelle, Gehoortoestelonderdele en Gehoortoestelbatterye. . . 122
- No. 29. Maksimum Pryse van Onderdele (Reserwedele) of Toebehore vir Motorvoertuie en Binnebrandmotore. . . 123
- No. 30. Maksimum Pryse van Onderdele (Reserwedele vir Landbougereedskap en -Masjinerie. . . 124
- No. 31. Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietsse: Wysiging. . . 125
- No. 32. Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietsse: Wysiging. . . 125
- No. 33. Opheffing van Prysbeheer oor sekere Goedere en Dienste. . . 126
- No. 29 (Unie). S.A. Buro vir Standaarde: Standaardmerk. . . 127
- No. 42 (Unie). S.A. Buro vir Standaarde: Uitreiking van Permite. . . 128
- No. 47 (Unie). Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie. . . 128
- No. 60 (Unie). S.A. Buro vir Standaarde: Standaardmerk. . . 129
- No. 70 (Unie). Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie. . . 129
- No. 96 (Unie). Bouverenigingsopgawes — November 1951. . . 129
- No. 112 (Unie). S.A. Spoorweë: Wysiging van Offisiële Hawetariefboek. . . 130

### ALGEMENE KENNISGEWINGS—

- No. 18. Onder-Balju, Magistraatsdistrik Outjo: Aanstelling van. . . 130
- No. 19. Elandsfontein Koöperatiewe Landbouvereniging: Lys van Lede. . . 131
- No. 20. Alleenreg om te Prospekter: „Diamond Mining and Utility Company (S.W.A.) Ltd.“. . . 131
- No. 21. Munisipaliteit Windhoek: Be-oogde Permanente Sluiting van Straat. . . 131
- No. 123/1954. Dorp Otavi: Be-oogde Wysiging van Algemene Plan. . . 132

### TENDER—

- No. 6. Tenders vir die Oprigting van Drie Huise ens. te Outjo. . . 132

### ADVERTENSIES—

- Boedelkennisgewings, ens. . . 133

### PROKLAMATION—

No. 5. Summoning of the Legislative Assembly. . . 120

### GOVERNMENT NOTICES—

- No. 24. Registering Officer, Grootfontein: Appointment of. . . 120
- No. 25. Prices of Dairy Produce: Factory Cream and Cheese Milk. . . 121
- No. 26. Shop Hours: Otjiwarongo Municipal Area (excluding Native Location). . . 121
- No. 27. Village Management Board, Witvei: Appointment of Member. . . 121
- No. 28. Maximum Prices of Hearing Aids, Hearing Aid Spare Parts and Hearing Aid Batteries. . . 122
- No. 29. Maximum Prices of Replacement Parts (Spare) or Accessories for Motor Vehicles and Internal Combustion Engines. . . 123
- No. 30. Maximum Prices of Replacement Parts (Spare) of Agricultural Implements and Machinery. . . 124
- No. 31. Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles: Amendment. . . 125
- No. 32. Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles: Amendment. . . 125
- No. 33. Suspension of Price Control on Certain Goods and Services. . . 126
- No. 29 (Union). S.A. Bureau of Standards: Standardization Mark. . . 127
- No. 42 (Union). S.A. Bureau of Standards: Issue of Permits. . . 128
- No. 47 (Union). Amendments to the Regulations for the South African Police. . . 128
- No. 60 (Union). S.A. Bureau of Standards: Standardization Mark. . . 129
- No. 70 (Union). Amendments to the Regulations for the South African Police. . . 129
- No. 96 (Union). Building Societies Returns — November 1951. . . 129
- No. 112 (Union). S.A. Railways: Amendment of Official Harbour Tariff Book. . . 130

### GENERAL NOTICES—

- No. 18. Deputy Sheriff, Magisterial District of Outjo: Appointment of. . . 130
- No. 19. „Elandsfontein Koöperatiewe Landbouvereniging“: List of Members. . . 131
- No. 20. Exclusive Right to Prospect: Diamond Mining and Utility Company (S.W.A.) Ltd. . . 131
- No. 21. Municipality of Windhoek: Proposed Permanent Closing of Street. . . 131
- No. 123/1954. Township of Otavi: Proposed Alteration of General Plan. . . 132

### TENDER—

- No. 6. Tenders for the Erection of Three Houses, etc., at Outjo. . . 132

### ADVERTISEMENTS—

- Estate Notices, etc., etc. . . 133

**PROKLAMASIE**

VAN SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS  
VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-  
AFRIKA.

No. 5 van 1955.]

NADEMAAL sub-artikel (2) van artikel *neëntien* van „De Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925” van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, bepaal ek hierby dat die Eerste Sitting van enige Sessie van die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, sal plaasvind op sodanige datum as die Administrateur deur proklamasie mag vasstel;

EN NADEMAAL dit dienstig is om die Wetgewende Vergadering byeen te roep;

SO IS DIT DAT EK, kragtens die mag en bevoegdheid my verleen, die Wetgewende Vergadering by hierdie Proklamasie oproep om op Maandag die een-en-twintigste dag van Maart 1955, byeen te kom en verklaar ek hierby dat die Eerste Sitting van die Sesde Sessie van die Sesde Wetgewende Vergadering gehou sal word te Windhoek om half drie uur namiddag op die genoemde datum, vir die afdeling van sake.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Seël te Swakopmund hierdie 7de dag van Januarie 1955.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS  
VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST  
AFRICA.

No. 5 of 1955.]

WHEREAS by sub-section (2) of section *nineteen* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, it is provided that the First Sitting of any Session of the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, shall take place on such date as the Administrator may fix by proclamation;

AND WHEREAS it is expedient that the Legislative Assembly should be summoned to meet;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation summon the Legislative Assembly to meet on Monday, the twenty-first day of March, 1955, and I hereby declare that the First Sitting of the Sixth Session of the Sixth Legislative Assembly shall be held at Windhoek at half past two o'clock in the afternoon on the said date, for the dispatch of business.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Seal at Swakopmund this 7th day of January, 1955.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

**Goewermentskennisgewings.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,  
*Skretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 24.]

[1 Februarie 1955.

Dit het die Administrateur behaag om die aanstelling van mnr. Frederick Philip van Wyk, as 'n Registrasie Amptenaar, vir die doel om die magte uit te oefen en die pligte te vervul wat aan Registrasie Amptenare aangewys is ingevolge die regulasies onder die bepalings van Die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (No. 56 van 1951), opgetrek ten opsigte van die geproklameerde gebied van Grootfontein soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 186 gedagteken die 28ste dag van November 1933, in die plek van mnr. A. F. Maasdorp goed te keur, vir die periode 6 Desember 1954 tot 31 Januarie 1955.

**Government Notices.**

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 24.]

[1st February, 1955.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. Frederick Philip van Wyk, as a Registering Officer, for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951), in respect of the proclaimed area of Grootfontein as published under Government Notice No. 186 dated the 28th of November, 1933, vice Mr. A. F. Maasdorp for the period 6th December, 1954, to 31st January, 1955.

[1 Februarie 1955. No. 25.]

[1st February, 1955.]

**PRYSE VAN SUIWELPRODUKTE.  
FABRIEKSROOM EN KAASMELK.**

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931 (No. 16 van 1931), soos gewysig deur die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1932 (No. 4 van 1932), die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1947 (No. 12 van 1947), en die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1949 (No. 9 van 1949), met ingang van die eerste dag van Januarie 1955, die pryse van fabrieksroom en kaasmelk deur die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid vasgestel, soos in die bylae hiervan aangegee, goed te keur in die plek van die pryse vasgestel by Goewermentskennisgewing No. 134 van die 15de Junie 1954.

**BYLAE.**

**FABRIEKSROOMPRYSE.**

1. Niemand mag fabrieksroom verkry, of verhandel buiten op grond van die bottervetgehalte daarvan nie, en dan slegs teen—
  - (a) drie sjielings per pond keurgraad-bottervet wat dit bevat; of
  - (b) twee sjielings en tien pennies per pond tafelgraad-bottervet wat dit bevat; of
  - (c) twee sjielings en agt pennies per pond huisgraad-bottervet wat dit bevat.

**FABRIEKSKAASMELKPRYSE.**

2. Niemand mag kaasmelk verkry of verhandel nie buiten teen—  
een honderd ses-en-sestig pennies per 100 pond.

**PRICES OF DAIRY PRODUCE.**

**FACTORY CREAM AND CHEESE MILK.**

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *eight* of the Dairy Industry Control Ordinance, 1931 (No. 16 van 1931), as amended by the Dairy Industry Control Ordinance Amendment Ordinance, 1932 (No. 4 of 1932), the Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1947 (No. 12 of 1947) and the Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1949 (No. 9 of 1949), to approve, with effect from the first day of January, 1955, of the prices of factory cream and cheese milk fixed by the Dairy Industry Control Board, as set out in the Schedule hereto, in substitution for the prices fixed by Government Notice No. 134 of the 15th June, 1954.

**SCHEDULE.**

**FACTORY CREAM PRICES.**

1. No person shall acquire, sell or dispose of factory cream otherwise than on the basis of its butterfat content at a price other than—
  - (a) three shillings per pound choice grade butterfat contained therein;
  - (b) three shillings and ten pence per pound table grade butterfat contained therein;
  - (c) two shillings and eight pence per pound household grade butterfat contained therein.

**FACTORY CHEESE MILK PRICES.**

2. No person shall acquire, sell or dispose of cheese milk at a price other than—  
one hundred and sixty-six pence per 100 pounds.

No. 26.]

[1 Februarie 1955.]

No. 26.]

[1st February, 1955]

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (2) van artikel *drie* van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie 15 van 1939), te bepaal dat, ten aansien van die gebied wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit Otjiwarongo val, maar uitsluitende die Otjiwarongo Naturellelokasie, die openings- en sluitingsure in sub-artikel (1) van artikel *drie* van bedoelde Ordonnansie bepaal, verander en gewysig word om soos volg te lui:—

**MUNISIPALE GEBIED OTJIWARONGO (UITSLUITENDE OTJIWARONGO NATURELLELOKASIE).**

Vir die maande April, Mei, Junie, Julie, Augustus en September:—

	Openingsure.	Sluitingsure.
Weeksdae behalwe Saterdag	8 v.m.	1 n.m.
Saterdag	2.30 n.m.	5.30 n.m.
	8 v.m.	1 n.m.

Vir die maande Oktober, November, Desember, Januarie, Februarie en Maart:—

	Openingsure.	Sluitingsure.
Weeksdae behalwe Saterdag	7.30 v.m.	12.30 n.m.
Saterdag	2.30 n.m.	5.30 n.m.
	8 v.m.	1 n.m.

No. 27.]

[1 Februarie 1955.]

No. 27.]

[1st February, 1955.]

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die bepaling van sub-artikel (2) van artikel *agt* van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937), Mnr. L. J. Burger as lid van die Dorpsbestuur Witvel te benoem vir 'n tydperk van twee jaar met ingang 1 Februarie 1955, in die plek van Mnr. F. P. N. Hennop wat bedank het.

The Administrator has been pleased to appoint, in terms of sub-section (2) of section *eight* of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), Mr. L. J. Burger as a member of the Village Management Board of Witvel for a period of two years with effect from the 1st February, 1955, in the place of Mr. F. P. N. Hennop, who has resigned.

No. 28.]

[1 Februarie 1955. No. 28.]

[1st February, 1955.]

## PRYSBEHEER.

## MAKSIMUM PRYSE VAN GEHOORTOESTELLE, GEHOORTOESTELONDERDELE EN GEHOORTOESTEL-BATTERYE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasies 3 en 9 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, soos gewysig, bepaal hierby vir Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimum prys waarteen enige gehoorstoel deur enigeen aan iemand anders verkoop mag word, is die kosprys van die gehoorstoel plus 70 persent daarvan.

2. Die maksimum prys waarteen gehoorstoelonderdele (uitsluitende batterye) deur enigeen aan iemand anders verkoop mag word, is die kosprys van die gehoorstoelonderdele plus 100 persent daarvan.

3. Die maksimum prys waarteen enige „Eveready”-gehoorstoelbatterie, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, behalwe in die verkoop deur ’n handelaar aan ’n ander handelaar, deur enigeen aan iemand anders verkoop mag word, is die prys wat teenoor die onderskeidende nommer van sodanige batterie in genoemde Bylae aangegee word.

4. Die maksimum prys waarteen enige gehoorstoelbatterie wat nie in die Bylae hiervan aangegee word nie, verkoop mag word—

(a) deur die invoerder daarvan—

(i) aan ’n handelaar, teen die invoerder se kosprys plus 15 persent daarvan;

(ii) aan enigeen behalwe ’n handelaar, teen die invoerder se kosprys plus 50 persent daarvan;

(b) deur ’n handelaar wat sodanige batterie van die invoerder daarvan verkry het, aan iemand wat nie ’n handelaar is nie, teen die handelaar se kosprys plus 30 persent daarvan.

5. ’n Breuk van een pennie in die maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing berekenbaar is by die verkoop, op een en dieselfde tydstip, van goedere waarop hierdie kennisgewing van toepassing is — afgesien daarvan of dit die prys van ’n enkele eenheid is of die prys verkry by die berekening van die prys wat van toepassing is op enige getal sulke eenhede in die geval van ’n verkoop van meer as een eenheid — word beskou as een pennie.

6. ’n Handelaar wat enige gehoorstoel, gehoorstoelonderdeel of gehoorstoelbatterie aan ’n ander handelaar verkoop, moet, benewens die besonderhede wat ingevolge paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing No. 34 van 29 Januarie 1951, betreffende die uitreiking van fakture, op ’n faktuur deur hom uitgereik, aangegee moet word, of die faktuur die maksimum prys aanteken waarteen die gehoorstoel, gehoorstoelonderdeel of gehoorstoelbatterie ingevolge paragrafe 1, 2 of 4 van hierdie kennisgewing verkoop mag word.

7. Vir die doeleindes van hierdie kennisgewing beteken „kosprys”—

(i) kosprys vir die regstreekse invoerder; of

(ii) kosprys vir die persoon wat die goedere regstreeks van die fabrikant daarvan in die Unie verkry het;

bereken ooreenkomstig die bepaling van Goewermentskennisgewing No. 29 van 29 Januarie 1951, betreffende die berekening van kosprys.

8. Goewermentskennisgewing No. 298 van 15 Oktober 1952 (Maksimum Pryse van Gehoorstoelle en Gehoorstoelonderdele) word hierby herroep.

## PRICE CONTROL.

## MAXIMUM PRICES OF HEARING AIDS, HEARING AID SPARE PARTS AND HEARING AID BATTERIES.

In terms of regulations 3 and 9 of War (Measures) No. 49 of 1946, as amended, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, do hereby throughout South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Fix the maximum price at which any hearing aid may be sold by any person to any other person at the cost of such hearing aid plus 70 per cent of such cost.

2. Fix the maximum price at which hearing aid spare parts (excluding batteries) may be sold by any person to any other person at the cost of such hearing aid spare parts plus 100 per cent of such cost.

3. Fix the maximum price at which any “Eveready” hearing aid battery specified in the Schedule hereto may, except in a sale by a dealer to another dealer, be sold by any person to any other person, at the price specified in the said Schedule opposite the distinctive number of such battery.

4. Fix the maximum price at which any hearing aid battery not specified in the Schedule hereto may be sold—

(a) by the importer thereof—

(i) to a dealer at the cost thereof to the importer plus 15 per cent of such cost;

(ii) to any person other than a dealer at the cost thereof to the importer plus 50 per cent of such cost;

(b) by a dealer who obtained such battery from the importer thereof to any person who is not a dealer at the cost thereof to the said dealer plus 30 per cent of such cost.

5. Prescribe that any fraction of 1d. in the maximum price determinable in accordance with this notice for a sale at any one time of any goods to which this notice applies, whether it be the price of a single unit or the price resulting from the computation of the price applicable to any member of such units in the case of a sale of more than one unit, shall be regarded as 1d.

6. Direct that any dealer in any sale to any other dealer of any hearing aid, hearing aid spare part or hearing aid battery, shall, in addition to any particulars required in terms of paragraph 1 of Government Notice No. 34 of 29th January, 1951, relating to the issue of invoices, to be given on any invoice issuable by him, endorse on such invoice the maximum price at which in terms of paragraphs 1, 2 or 4 of this notice such hearing aid, hearing aid spare part or hearing aid battery may be sold.

7. Direct that for the purpose of this notice “cost” means—

(i) cost to the direct importer, or

(ii) cost to the person who acquired the goods direct from the manufacturer thereof in the Union.

determined in accordance with the provisions of Government Notice No. 29 of 29th January, 1951, relating to the determination of costs.

8. Withdraw Government Notice No. 298 of 15th October, 1952 (Maximum Prices of Hearing Aids and Hearing Aid Spare Parts).

BYLAE.

„EVEREADY” GEHOORTOESTELBATTERYE.

Onderskeidende Nummer.	Maksimum Prys, elk. s. d.
B105	5 0
B106	8 0
B109	8 0
B115	5 6
B116	7 6
B119	6 6
B121	3 10
B122	5 10
B123	4 0
B144	2 9
B145	4 10
B146	5 9
D12	0 9
D14	0 5
D19	1 8
D888	3 9
RM1	3 0
RM3	3 2
RM4	5 0
X30	3 9
X379	0 8
X383	4 2
X383	1 11
Tuffol Collar	0 6

SCHEDULE.

„EVEREADY” HEARING AID BATTERIES.

Distinctive Number.	Maximum Price, Each. s. d.
B105	5 0
B106	8 0
B109	8 0
B115	5 6
B116	7 6
B119	6 6
B121	3 10
B122	5 10
B123	4 0
B144	2 9
B145	4 10
B146	5 9
D12	0 9
D14	0 5
D19	1 8
D888	3 9
RM1	3 0
RM3	3 2
RM4	5 0
X30	3 9
X379	0 8
X383	4 2
X383	1 11
Tuffol Collar	0 6

H. DE L. BURNHAM,

Pryskontroleur.

H. DE L. BURNHAM,

Price Controller.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is—

- (1) om die winsmarges op gehoorstoestelle en gehoorstoelonderdele sonder verandering weer af te kondig;
- (2) om die maksimum pryse van gehoorstoelbatterye, wat voorheen in Goewermentskennisgewing No. 234 van 15 September 1954 (Maximum Pryse van „Eveready” en Ander Soortgelyke Produkte) aangegee was, in te sluit.

NOTES.—The effect of this notice is—

- (1) to re-publish without alteration the profit margins for hearing aids and hearing aid spare parts as prescribed in the withdrawn notice;
- (2) to include the maximum prices for heading aid batteries, previously published in Government Notice No. 234 of 15th September, 1954 (Maximum Prices of „Eveready” and Other Similar Products).

No. 29.]

[1 Februarie 1955.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN ONDERDELE (RESERWEDELE) OF TOEBEHORE VIR MOTORVOERTUIE EN BINNEBRANDMOTORE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasies 3 en 9 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, soos gewysig, bepaal hierby vir Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar enige onderdeel (reserwedeel) of toebehore vir 'n motorvoertuig of binnebrandmotor, wat hy van 'n ander handelaar verkry, aan iemand wat nie 'n handelaar is nie, mag verkoop, is sy kosprys plus 30 persent daarvan; met dien verstande dat die prys aan sodanige persoon die maksimum prys, wat bekenbaar is ooreenkomstig paragrawe 2, 3 of 4 hiervan, watter ook van toepassing mag wees, nie oorskry nie.

2. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) of toebehore vir 'n motorvoertuig of binnebrandmotor uit die voorraad in die Unie gehou deur of ten behoewe van die vervaardiger van sodanige voertuig of motor verkry, sodanige onderdeel of toebehore aan enigen mag verkoop, is sy kosprys plus 77½ persent daarvan.

3. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) of toebehore vir 'n motorvoertuig of binnebrandmotor anders as kragtens 'n konsessie invoer, of wat sodanige onderdeel of toebehore anders as kragtens 'n konsessie van die vervaardiger daarvan in die Unie verkry, sodanige onderdeel of toebehore aan enigen mag verkoop, is sy kosprys plus 90 persent daarvan.

4. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) of toebehore vir 'n motorvoertuig of binnebrandmotor kragtens 'n konsessie invoer, of wat sodanige onderdeel of toebehore kragtens 'n konsessie van die vervaardiger daarvan in die Unie verkry, sodanige onderdeel of toebehore aan enigen mag verkoop, is sy kosprys plus 100 persent daarvan.

No. 29.]

[1st February, 1955.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF REPLACEMENT PARTS (SPARES) OR ACCESSORIES FOR MOTOR VEHICLES AND INTERNAL COMBUSTION ENGINES.

In terms of regulations 3 and 9 of War Measure No. 49 of 1946, as amended, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby throughout South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Fix the maximum price at which a dealer who acquires a replacement part (spare) or accessory for a motor vehicle or an internal combustion engine from another dealer may sell such part or accessory to a person who is not a dealer at his cost plus 30 per cent thereof; provided that the price to such person shall not exceed the maximum price determinable under paragraph 2, 3 or 4 hereof, whichever may be applicable.

2. Fix the maximum price at which a dealer who acquires any replacement part (spare) or accessory for a motor vehicle or an internal combustion engine from stocks held in the Union by or on behalf of the makers of such vehicle or engine may sell such part or accessory to any person at his cost plus 77½ per cent of such cost.

3. Fix the maximum price at which a dealer who imports otherwise than under franchise any replacement part (spare) or accessory for a motor vehicle or an internal combustion engine or who acquires otherwise than under franchise any such part or accessory from the manufacturer thereof in the Union may sell such part or accessory to any person at his cost plus 90 per cent of such cost.

4. Fix the maximum price at which a dealer who imports under franchise any replacement part (spare) or accessory for a motor vehicle or an internal combustion engine or who acquires any such part or accessory under franchise from a manufacturer in the Union may sell such part or accessory to any person at his cost plus 100 per cent of such cost.

5. 'n Breuk van een pennie in die maksimum prys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing berekenbaar is by die verkoop, op een en dieselfde tydstop, van goedere waarop hierdie kennisgewing van toepassing is — afgesien daarvan of dit die prys van 'n enkele eenheid is, of die prys verkry by die berekening van die prys wat van toepassing is op enige getal sulke eenhede in die geval van 'n verkoop van meer as een eenheid — word beskou as een pennie.

6. 'n Handelaar wat 'n onderdeel (reserwedeel), of toebehoor waarop hierdie kennisgewing van toepassing is aan 'n ander handelaar verkoop, moet, benevens die besonderhede wat ingevolge die bepaling van Goewermentskennisgewing No. 34 van 29 Januarie 1951 (Uitreiking van Fakture) op 'n faktuur aangegee moet word, daarop die maksimum kleinhandel-verkoopprys daarvan (uitgesonderd die vervoerkoste na die koper se perseel), bereken ooreenkomstig hierdie kennisgewing, aanteken.

7. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken—

„motorvoertuig” enige meganiese aangedrewe vervoermiddel met wiele vir die sleep of vervoer van persone en/of goedere en sluit in hyswurkwaens, sleepwaens, karavane, motorbote, trekkers en vliegtuie, maar nie trems en trollicbusse (spoorlose trems) nie;

„binnebrandmotor” enige diesel-, petrol- of paraffienmotor.

8. Goewermentskennisgewing No. 267 van 1 November 1954 met betrekking tot die maksimum pryse van onderdele (reserwedeel) of toebehoor vir motorvoertuie en binnebrandmotore word hierby herroep.

H. DE L. BURNHAM,  
Prys-kontroleur.

OPMERKING.—Die doel van hierdie kennisgewing is om die berekening van die maksimum pryse van onderdele en toebehoor vir motorvoertuie en binnebrandmotore te vereenvoudig.

5. Direct that any fraction of 1d. in the maximum price determinable in accordance with this notice for a sale at any one time of any goods to which this notice applies, whether it be the price of a single unit or the price resulting from the computation of the price applicable to any number of such units in the case of a sale of more than one unit, shall be regarded as 1d.

6. Direct that any dealer in any sale to any other dealer of any replacement part (spare) or accessory to which this notice applies shall, in addition to the particulars required to be given on any invoice issuable by him in terms of Government Notice No. 34 of 29th January, 1951 (Issue of Invoices), endorse thereon the maximum retail selling price thereof (excluding cost of transportation to the purchaser's premises), determined in accordance with this notice.

7. Direct that for the purposes of this notice—

“motor vehicle” means any mechanically propelled wheeled conveyance designed for the haulage or transportation of persons and/or goods and includes forklift trucks, trailers, caravans, motor boats, tractors and aircraft, but excludes tram cars and trolley buses (trackless trams);

“internal combustion engines” means any diesel, petrol or paraffin engine.

8. Withdraw Government Notice No. 267 of 1st November, 1954, relating to the maximum prices of replacement parts (spares) or accessories for motor vehicles and internal combustion engines.

H. DE L. BURNHAM,  
Price Controller.

NOTE.—The purpose of this notice is to simplify the determination of the maximum prices of spares and accessories for motor vehicles and internal combustion engines.

No. 30.] [1 Februarie 1955.

### PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN ONDERDELE (RESERWEDELE) VIR LANDBOUGEREEDSKAP EN -MASJINERIE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Prys-kontroleur, handelende kragtens regulasies 3 en 9 van Oorlogsmatreef No. 49 van 1946, soos gewysig, bepaal hierby vir Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimumprys waarteen 'n handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) vir landbougereedskap of -masjinerie ander as kragtens 'n konsessie invoer, of wat sodanige onderdeel anders as kragtens 'n konsessie van die vervaardiger daarvan in die Unie verkry, sodanige onderdeel aan enigen mag verkoop, is sy kosprys plus 90 persent daarvan.

2. Die maksimumprys waarteen 'n handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) vir landbougereedskap of -masjinerie kragtens 'n konsessie invoer, of wat sodanige onderdeel kragtens 'n konsessie van die vervaardiger daarvan in die Unie verkry, sodanige onderdeel aan enigen mag verkoop, is sy kosprys plus 100 persent daarvan.

3. 'n Breuk van een pennie in die maksimumprys wat ooreenkomstig hierdie kennisgewing berekenbaar is by die verkoop, op een en dieselfde tydstop, van goedere waarop hierdie kennisgewing van toepassing is — afgesien daarvan of dit die prys van 'n enkele eenheid is, of die prys verkry by die berekening van die prys wat van toepassing is op enige getal sulke eenhede in die geval van 'n verkoop van meer as een eenheid — word beskou as een pennie.

4. 'n Handelaar wat enige onderdeel (reserwedeel) waarop hierdie kennisgewing van toepassing is aan 'n ander handelaar verkoop, moet, benevens die besonderhede wat ingevolge die bepaling van Goewermentskennisgewing No. 34 van 29 Januarie 1951 (Uitreiking

No. 30.] [1st February, 1955.

### PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF REPLACEMENT PARTS (SPARES) OF AGRICULTURAL IMPLEMENTS AND MACHINERY.

In terms of regulations 3 and 9 of War Measure No. 49 of 1946, as amended, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby throughout South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Fix the maximum price at which a dealer who imports otherwise than under franchise any replacement part (spare) for any agricultural implement or machinery or who acquires otherwise than under franchise any such part from the manufacturer thereof in the Union may sell such part to any person at his cost plus 90 per cent of such cost.

2. Fix the maximum price at which a dealer who imports under franchise any replacement part (spare) for any agricultural implement or machinery or who acquires any such part under franchise from a manufacturer in the Union may sell such part to any person at his cost plus 100 per cent of such cost.

3. Direct that any fraction of 1d. in the maximum price determinable in accordance with this notice for a sale at any one time of any goods to which this notice applies, whether it be the price of a single unit or the price resulting from the computation of the price applicable to any number of such units in the case of a sale of more than one unit, shall be regarded as 1d.

4. Direct that any dealer in any sale to any other dealer of any replacement part (spare) to which this notice applies shall, in addition to the particulars required to be given on any invoice issuable by him in terms of Government Notice No. 34 of 29th January,

van Fakture) op 'n faktuur aangegee moet word, daarop die kleinhandelverkoopprys daarvan (uitgesonderd die vervoerkoste na die koper se perseel), bereken ooreenkomstig hierdie kennisgewing, aanteken.

5. Goewermentskennisgewing No. 268 van 1 November 1954 met betrekking tot maksimumpryse vir onderdele vir landbougereedskap en -masjinerie, word hierby herroep.

H. DE L. BURNHAM,  
Pryskontroleur.

OPMERKING.—Die doel van hierdie kennisgewing is om die berekening van die maksimum prys van onderdele vir landbougereedskap en -masjinerie te vereenvoudig.

1951 (Issue of Invoices) endorse thereon the maximum retail selling price thereof (excluding cost of transportation to the purchaser's premises), determined in accordance with this notice.

5. Withdraw Government Notice No. 268 of 1st November, 1954, relating to the maximum prices of replacement parts (spares) for agricultural implements and machinery.

H. DE L. BURNHAM,  
Price Controller.

NOTE.—The purpose of this notice is to simplify the determination of the maximum prices of spares for agricultural implements and machinery.

No. 31.]

[1 Februarie 1955.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN NUWE MOTORVOERTUIE EN NUWE MOTORFIETSE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 83 van 8 April 1954 (Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietse), soos gewysig:—

- (1) deur onderstaande fabrikate en modelle by die Eerste Bylae daarvan te voeg—

DEEL B.

VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIE.

*Fabrikaat en beskrywing.*

Austin—	£
Dieselmodel, 3-ton L.W.B. onderstel met kap . . . . .	1,110
Morris—	
Dieselmodel, N.V.O. 12/3, 3-ton onderstel met kap . . . . .	1,150
Studebaker—	
E. 5 3/4-ton Ligte Afleweringswa . . . . .	865

- (2) deur onderstaande prysse in die plek te stel van die maksimum prysse van die ooreenstemmende fabrikate en modelle in genoemde Bylae—

DEEL B.

VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIE.

*Fabrikaat en beskrywing.*

Austin—	£
A 40 oopbakwa . . . . .	648
Sentinel—	
Dieselmodel 4/4 D.V.E. 7/8-ton onderstel met kap . . . . .	2,852
Dieselmodel 4/6 D.V.E. 10-ton onderstel met kap . . . . .	3,559

H. DE L. BURNHAM,  
Pryskontroleur.

OPMERKING.—Die doel van hierdie kennisgewing is om maksimum prysse vir die nuwe Austin, Dieselmodel, 3-ton onderstel, die Morris, Dieselmodel, 3-ton onderstel, en die Studebaker Ligte Afleweringswa in te stel. Die verhoging in die maksimum prysse van die Austin, A 40 Oopbakwa en die Sentinel dieselmotor handelsvoertuie is as gevolg van die verhoogde oorsese koste van die voertuie.

No. 31.]

[1st February, 1955.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF NEW MOTOR VEHICLES AND NEW MOTOR CYCLES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 83 of 8th April, 1954 (Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles), as amended—

- (1) by the addition of the following makes and models to the First Schedule thereof—

PART B.

TRUCKS AND COMMERCIAL VEHICLES.

*Make and Description.*

Austin—	£
Diesel model, 3 ton L.W.B. chassis with cab . . . . .	1,110
Morris—	
Diesel model N.V.O. 12/3, 3 ton chassis with cab . . . . .	1,150
Studebaker—	
E. 5 3/4-ton Light Delivery Truck . . . . .	865

- (2) by the substitution of the following prices for the maximum prices of the corresponding makes and models in the aforesaid Schedule—

PART B.

TRUCKS AND COMMERCIAL VEHICLES.

*Make and Description.*

Austin—	£
A 40 Pick-up . . . . .	648
Sentinel—	
Diesel model 4/4 D.V.E. 7/8-ton chassis with cab . . . . .	2,852
Diesel model 4/6 D.V.E. 10-ton chassis with cab . . . . .	3,559

H. DE L. BURNHAM,  
Price Controller.

NOTE.—The purpose of this notice is to establish maximum prices for the new Austin, Diesel model, 3-ton chassis, the Morris, Diesel model, 3-ton chassis and the Studebaker Light Delivery Truck. The increase in the maximum prices of the Austin A 40 Pick-up and the Sentinel Diesel model commercial vehicles is due to enhanced overseas cost of these vehicles.

No. 32.]

[1 Februarie 1955.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN NUWE MOTORVOERTUIE EN NUWE MOTORFIETSE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 83 van 8 April 1954 (Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietse), soos gewysig:—

- (1) deur onderstaande fabrikate en modelle tot die Eerste Bylae daarvan by te voeg—

No. 32.]

[1st February, 1955.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF NEW MOTOR VEHICLES AND NEW MOTOR CYCLES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 83 of 8th April, 1954 (Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles), as amended—

- (1) by the addition of the following makes and models to the First Schedule thereof—

## DEEL B.

## VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIG.

## Fabrikaat en beskrywing.

Bedford—	£
A5SCO Dieselmotiel, 4-ton onderstel met kap, 120 dm. wielbasis . . . . .	1,387
A5SCO Dieselmotiel, 5-ton onderstel met kap, 120 dm. wielbasis . . . . .	1,398
A5LCO Dieselmotiel, 4-ton onderstel met kap, 167 dm. wielbasis . . . . .	1,407
A5LCO Dieselmotiel, 5-ton onderstel met kap, 167 dm. wielbasis . . . . .	1,418
Opel—	
Olympia „Cara-van” . . . . .	680

(2) deur onderstaande pryse in die plek te stel van die maksimum pryse van die ooreenstemmende fabriekate en modelle in genoemde Bylae—

## DEEL A.

## MOTORKARRE.

## Fabrikaat en beskrywing.

Hillman—	£
„Minx”-salon . . . . .	680

## DEEL B.

## VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIG.

## Fabrikaat en beskrywing.

Bedford—	£
A5LCG 5-ton onderstel met kap . . . . .	1,062
A5LCG 4-ton onderstel met kap . . . . .	1,051

H. DE L. BURNHAM,  
Pryskontroleur.

